# TEMMERS VAN DIE WOESTYN

No. 37
Swart Wolk oor
Die Kalahari



braam le roux


Doep val met sy rug teen 'n skerp klip en hy kreun dit uit terwyl hy 'n skoot blindelings aftrek. Kobie is egter by en hy pak die hand met die rewolwer daarin met albei sy hande beet, wring en ruk die pistool dan uit Doep se greep. Hy wil Doep daarmee oor die kop slaan toe hy dit in die hande kry, maar die skerpskutter kry dit reg om Kobie vol teen die bors te skop. Met rewolwer en al seil Kobie oor die grond. Doep is dadelik op en storm op hom af. Hy het egter nou geen wapen nie en buk om 'n swaar klip op te tel. Voordat hy dit egter behoorlik in sy hand het, is Kobie ook op. Hy laat val Doep se rewolwer. Sy eie is in sy leerskede terug en hy spring vorentoe om Doep met die vuis by te dam.

Doep spring egter agteruit en dan gooi hy die swaar klip vorentoe.

Met 'n dowwe en hol slag tref dit Kobie voor die bors.

# TEMMERS VAN DIE WOESTYN

No. 37
Swart Wolk oor
Die Kalahari



braam le roux

## HOOFSTUK 1

Hannah se bruin kykers is op haar man gerig. Sy staan met die handdoek in haar hand en hyk hoe dat Stefan Lang, haar man, die water oor sy arms en dan oor sy gesig gooi en vinnig was. Sy moue is hoog opgerol en haar blik vang die trilling van sy boarm-spiere sonder om dit juis raak te sien. Hannah se donker oë is bitsig op haar man gerig, en toe sy praat, praat sy hard, want sy is gebelgd, maar sy is nie vir Stefan, die breedgeskouerde sesvoeter, kwaad nie.

"Julle moet besluit om met 'n afvaardiging na die vrederegter op Kuruman te ry. Die Koloniale Regering sal hierdie tiran op sy plek sit. Waar het jy gesien ek moet tol betaal as ek deur 'n man se plaas ry? Dit is bog, pure bog! Nie een van ons doen dit nie!"

Die seep brand in Stefan se oë. Hy kom orent en strek sy hande uit na die handdoek wat Hannah vir hom uithou. Hy begin sy gesig vinnig droog vryf en dan sy fris arms.

"Jy kan tol vra as jy wil. Karel ter Burg is binne sy regte om tol te vra. 'n Deputasie sal niks baat nie. Geen Koloniale Regering kan hom dwing om nie tol te vra nie. Die hele kom behoort aan hom; hy beheer die pad na die poort en die duisende beeste wat byna daagliks oor sy grond gejaag word, vertrap dit. Ek sou ook tol gevra het as dit my grond was wat so vertrap word."

Hannah begin twee koppies uitvee om koffie te skink. Sy sit die laaste een hard op die tafel neer.

"Sy grond word vertrap! ... Dit is mos nie waar nie! Die beeste beweeg padlangs. Ek sê vir jou, Stefan, 'n deputasie sal help. Die vrederegter kan ons raad gee, en as hy, Karel ter Burg, dan moet geld vra vir elke bees wat deur die poort gaan, kan hy minder vra. Een pond per bees is belaglik baie. Daar is net een plan wat Ter Burg in sy kop het, en dit is om ons te verarm sodat hy almal se plase hier in die beurt van Olifantshoek kan inpalm. Ter Burg is 'n grondvraat! Dit is al wat hy is!"

Stefan begin lag, en terwyl hy lag, vertoon sy gelaatstrekke sterk en sy blou oë vriendelik.

"Jy is te haastig, Hannah. Jy moet kalmer wees. Ek is bly jy gaan nie saam na vanaand se vergadering nie. Jy is te heethoofdig. Jy is kapabel en stel voor dat ons die wapens teen Ter Burg moet opneem. Selfs dit sal ook nie help nie. Ter Brug is 'n sterk man. Hy het baie geld, baie beeste. Natuurlik is sy tol hoog en natuurlik

verhoed hy ons met sy tol om ons beeste deur te jaag na Kuruman toe waar ons dit teen twee pond tien per kop van die hand kan sit, maar die feit bly staan dat hy geregtig is om daardie tolgeld by die poort in te samel. Ek dink ons boere moet liewer besluit om die vrede te bewaar en die beeste aan hom te verkoop, aan Ter Burg; dan het ons nie die beslommernis om hulle honderd myl ver te jaag nie."

Hannah het nie woorde nie. Sy stryk haar swart hare uit haar oë.

"Wat! Is jy van jou sinne beroof, Stefan Lang! Moet ons hierdie diktator sy sin gee? Moet ons aan hom verkoop teen een pond tien per kop?"

Sy skree dit byna uit.

"Wat dan anders, Hannah?" kom dit besadig en droogweg van hom. Hy tel sy koppie koffie van die tafel af op en begin slurp. Hy buk en loer deur die venster na die weste. Daar hang nog 'n rooi vlek op die gesigseinder waar die son 'n halfuur gelede sy kop weggetrek het. 'n Gerammel van veral donderweer kom tot sy ore. Hy stryk met albei hande oor sy bors toe hy die koffie klaar gedrink het.

"Wat anders?" kom die skril stem van Hannah weer. "Forseer die beeste deur die poort - oorrompel die tollenaars, maar moet Ter Burg nie sy sin gee nie. Hoe het jy skielik so 'n vredeliewende mens geword, Stefan?" vra sy agterdogtig.

Dit het in die kombuis vinnig donker geword. Die kerslig flikker skeef-skeef, maar dit verlig die fyn gelaatstrekke van die jong vrou. Haar vel is effens bruin gebrand van die soms ongenadige strale van die son wat hier in die Noordweste so kan baljaar. Hannah is egter mooi en jonk. Ses maande gelede is sy met Stefan Lang, die blonde Duitser uit Suidwes, getroud. Sy is die dogter van 'n onverskrokke Dorslandtrekker, Joop Fouché. Sy beendere lê êrens op 'n sandrug in die Kalahari-woestyn.

"Ek is nie domastrant nie, Hannah, Ek besef dat ek een pond tolgeld per bees moet betaal om deur daardie poort te kom. Ek besef dat die vrederegter Ter Burg gelyk sal gee. Eerder as om te probeer om my beeste bo om die berg deur 'n waterlose gebied te jaag en die helfte te verloor voordat ek met hulle in Kuruman aanland, verkoop ek hulle aan Ter Burg teen een pond tien stuk."





Sy is diep teleurgesteld in haar man. Sy sien hom omdraai en na die venster toe loop. Sy hoor hom mompel:

"Hier kom 'n groot weer aan. Wêreld, maar hoe sal so 'n rosyntjiebos nou bot as hy 'n bietjie vog kry."

Daar by die venster vlam sy hemp dieprooi, en sy wonder weer waarom hierdie Duitse man van haar altyd en alewig rooi hemde dra. Dit het haar aan die begin gehinder, maar toe het sy haar daarby aangepas. Vanaand hinder dit haar egter weer. Vanaand sien sy Stefan Lang weer as die uitlander. Hoe het die mense haar nie skeef aangekyk toe sy met hierdie reus van 'n Duitser getrou het nie? Hulle kon dit nie kleinkry dat sy met 'n uitlander trou nie, maar Hannah was alleen en sy het Stefan lief gekry. Daardie swaar aksent van hom het soet in haar ore geklink. Behalwe vir sy aksent en sy rooi hemp was hy darem in alle opsigte 'n Boer. Nou staan Hannah hom egter en aangaap, maar Stefan steur hom nie aan haar nie. Hy lig die kort swepie van die haak in die kombuis af en dan stap hy deur toe. Eers stoot hy die bodeur oop. Dit is al sterk donker, maar in die ooste speel weerligte en telkens rammel dit hier by hulle.

Voor die kombuisdeur staan sy perd opgesaal.

Hannah frommel haar voorskoot op. Sy staar nog steeds na haar man. Voordat hy die onderdeur oopstoot, buk hy om haar te soen, maar sy draai haar gesig vinnig weg. Hy frons en begin dan lag.

"Is jy kwaad vir my?"

"Het .... het jy regtig bedoel wat jy daar gesê het, Stefan? meen jy regtig om op vanaand se vergadering te gaan voorstel dat julle voor die buffel, Karel ter Burg, moet swig?"

Hy bly steeds lag en toe hy antwoord, kyk hy weg.

"Nee, nee, ek gaan dit voorlopig nie voorstel nie. Ek laat dit in die hande van die ander boere, maar ek is seker dat hulle op die ou end sal dink soos ek dink. Jy weet wat 'n klein oorloggie hier onder ons sal beteken. Ter Burg is veel sterker as ons. Ons sal aan die kortste end trek en as daar 'n ondersoek na die skietery deur die Vrederegter op Kuruman moet kom, sal ons, die boere, as die kwaadstokers bestempel word."

Hy is by die deur uit sonder om haar te soen, en swaai behendig op die rug van sy perd. Die perd spring vorentoe en as hy by die hek uittrippel, roep hy haar toe:

"Koel af, Hannah, en verwag my ongeveer twaalfuur. Die vergadering begin om agtuur. Ek verwag egter dat nie een so heethoofdig soos jy gaan wees nie."

Sy sien hoe dat die duisternis perd en ruiter insluk, en nou is dit net die reëlmatige geklop van die perd se pote wat sy hoor. Sy het die onderdeur toegedruk en met gemengde gevoelens luister sy beurtelings na die veraf gerammel van donderweer en die geklop van hoewe. Die donker word dieper en weldra verskyn die sterre bokant haar kop. Met 'n sug maak sy die bodeur ook toe en grendel die deur. Vanaand kan sy haar man nie begryp nie.

Stefan Lang sit en dink op die rug van sy perd. Die dier galoppeer oor die onduidelike paadjie tussen die doringbosse deur. Die rosyntjiebosse groei veral hier welig en dit is kos vir bok, skaap en bees. Geen wonder dat hierdie kom so vrugbaar is nie. Aan die ooste word dit omsoom deur die gebroke Rooibergreeks en hier voor hom doem die voetheuwels reeds op. Verder ten weste word die kom omgrens deur die Langeberge. Dit is egter net hierdie strook naby die Rooiberge wat baie vrugbaar is. Hoe nader mens aan die Langeberge kom, hoe meer gebroke word die veld, met sandheuwels hier en daar wat om die stamme van die groot kameeldorings saampak. Ten noorde sak die Langeberge in 'n ware woestyn weg. Ook die Rooiberge word noordwaarts al kleiner totdat dit verdwyn. Die noorde is nou wel geen sandwêreld nie, maar die trassiebos, die kwarriebos en rosyntjiebos soek mens verniet daar. Dit is net groot kameeldoringbome, vaal kameeldoringbome en wilde roolhaak-bome wat daarlangs groei. Dit is net die Hotnots wat daarlangs weet waar die watergate is, en die is daar min.

Drie maande gelede het ses boere hier uitverkoop. Meer as 60,000 morg het onmiddelik in een man se hande beland. Die man is Karel ter Burg, 'n Hollander in sy veertigerjare, vrouloos en kinderloos. Hy het met ongeveer vyfduisend beeste sy intrek hier in die kom geneem en dadelik die kom vir verkeer gesluit. Selfs 'n eensame perderuiter wat die poort betree, moet een pond opdok voordat hy kan deurkom na Olifantshoek toe, of hy moet die berge oorssteek en om Karel ter Burg se 60,000 morg ry. Steek jy oor die berge nadat jy geweier het om tol by die poort te betaal, kan jy nog op Ter Burg se tamaai plaas betrap word en dan is jy eers in die





moeilikheid. Dan laat hy jou nie los voordat jy nie twee pond opdok nie. Wanneer dit 'n man met 'n kar is wat die poort na Olifantshoek wil deurkom, moet hy twee pond tol betaal of anders terugdraai Kuruman toe.

Binne drie maande nadat hy die grond gekoop het, was Karel ter Burg die sterk man van die kontreí. Op Olifantshoek het hy die Kalahari-hotel laat bou. Dit is hoofsaaklik verkeer uit die weste wat by die hotel opdam. Gewoonlik is dit Duitse smouse uit Suidwes -beeskopers, vellekopers, handelaars. En dit lyk asof Ter Burg 'n voorliefde vir die Duitsers het. Dit lyk kompleet asof hy sy rug op die reuse-beesmark by Kuruman en Kimberley gedraai het en al sy beeste aan die Duitsers lewer. Stefan is die enigste boer wat reeds uitgevind het dat Ter Burg sy vee en die vee wat hy van ander boere koop, nie op Kimberley bemark nie, maar langs 'n geheime weg feitlik dwarsoor die Kalahari jaag, deur die Langeberge tot aan die Gamatep-pan waar hy die diere aan die Duitse kopers oorhandig wat die beeste dan weer verder voer tot oor die Duitse grens. Stefan het ook 'n voëltjie hoor fluit dat Karel ter Burg gemiddeld vyf pond per kop van die Duitsers kry.

Stefan kan al die groot bergrug sien waar die gehuggie Olifantshoek geleë is. Die bergrug staan rond uit soos die gladde rug van 'n olifant, wanneer die weerlig skerp agter die horison uitslaan.

Die perd proes en Stefan trek hom in. Hier uit sy sak haal hy nou die brief te voorskyn wat hy vandag op die dorp gekry het. Die brief is van Karel ter Burg. Stefan wonder wat Hannah sou sê as sy van hierdie brief moes weet; hy wonder wat sy sou sê as sy moes uitvind dat hy reeds besluit het om hom aan die kant van die sterk man te skaar.

Sy perd trippel nou uit die dowwe pad en hy ry nou deur die veld reg op drie kameeldoringbome af. Toe hy naby die bome kom, flits die weerlig en vir daardie oomblik sien hy die gestaltes van drie ruiters onder die bome. Hulle staan reeds op hom en wag. Hy weet dat dit Stanley Sachs, David Fick en Frans Kolwer is. Hulle het ook elkeen so 'n brief soos hy ontvang, en hulle het vandag afgespreek om mekaar hier te ontmoet.

Stefan se perd runnik toe hy die ander perde gewaar, en een van die drie perde runnik terug. 'n Basstem roep Stefan toe:

"Jy is bra laat, Stefan!"

"Ek is jammer, Stanley, maar daar is nog genoeg tyd. Karel ter Burg verwag ons eers om halfagt. Ons sal dit haal."

Hy stuur sy perd tot teenaan die ander. Hulle groet oor en weer. Frans Kolwer is groot en vet. Dave en Stanley is albei lank en skraal. Vir 'n oomblik heers daar stilte. Weerlig flits oor die aarde en binne enkele tellings volg 'n gerammel. 'n Groot swart wolk se punt krul oor die Rooiberge. Die Magamohaanspits lyk donker en dreigend teen die weerligbelaaide wolk.

"Kom daardie wolk hierheen?" vra Frans Kolwer in 'n bewerige stem. Hy voel nie op sy stukke nie. Dit is asof hy vanaand bang is om die groot man van Olifantshoek, Karel ter Burg, te ontmoet.

"Ek dink so, Frans. Dit sal goed wees as ons 'n buitjie kry. Maar kom ons ry dadelik."

Stefan ry voor en feitlik langs hom is Stanley Sachs. Hulle praat egter geen enkele woord nie. Agter hulle kom Frans Kolwer en David Fick aan. Dit is of alvier te bang is om iets te sê. Karel ter Burg het al vantevore met hulle vier in verbinding getree, en nou het hierdie brief gevolg.

Elkeen het maar 'n kort briefie ontvang met dieselfde bewoording.

"Kom spreek my Maandagaand om halfagt. Ek het 'n goeie voorstel om aan jou te maak. Dit is in jou belang. Sien my voordat jy na Sybie Viljoen se vergadering gaan. Beskou dit as dringend ... Karel ter Burg.

'n Donderslag dreun en 'n rammeling trek oor die berge toe die vier ruiters die verlate dorpie binnery. Hulle gaan by die meule en by die dorpskrale waar daar altyd vendusies gehou word, verby en dan nader hulle die Kalahari-hotel met sy wit mure. Nou sien hulle die eerste tekens van lewe. Verskeie ryperde is aan die haak voor die hotel vas en 'n groot olielamp hang reg voor die deur met 'n swaaiende uithangbord. Stefan kan die woorde op daardie uithangbord net-net uitmaak: Die Kalahari-hotel.

Van binne af kom die gedruis van stemme. Die vier ruiters klim voor die hotel van hul perde af. Nie een het nog gepraat nie, maar dit is Frans Kolwer wat nou die swye tussen hulle verbreek.

"Wat wil Karel ter Burg van ons hê, Stefan?"





Stefan staan 'n oomblik stil en hy kyk die plomp man stip aan.

"Dit lyk of jy bang is, Frans?"

"Ek is ... Wat sal die ander boere sê as hulle sien dat ons met Ter Burg onderhandel?"

Stefan se blik is veragtend op die plomp boer gerig.

"Steur jou nie aan die ander boere nie. Dit sal vir ons beter wees om met Ter Burg te skakel. Hy het die geld en die mag."

Stanley en David is nou ook by. Hulle het gehoor waaroor die gesprek gaan. Stanley praat sag:

"Ek stem saam met Stefan. Karel ter Brug het iets vir ons wat die moeite werd gaan wees."

"Jy sê miskien so omdat jy nie veel beeste het nie, Stanley," waag Frans dit.

"Ek het baie beeste, Frans, meer as jy," kom David Fick tussenbeide. "Karel ter Burg is 'n sterk man en ek het al klaar besluit dat ek saam met hom gaan werk, wat sy voorstel ook al is. Dit is nie gesond vir enigiemand om teen 'n man soos Ter Brug te werk nie. Ek het dit al lankal agtergekom."

Stefan lag.

Hy spreek net een groot gedagte nie uit nie; die gedagte dat Ter Burg nou doen wat hy, Stefan, altyd graag wou doen; om sy beeste aan die Duitsers te verkoop. Ter Burg is die Duitsers oor die grens goedgesind, en dit is vir hom genoeg. Ter Burg het verder die geld, en geld maak dinge reg. In Duits-Suidwes het Stefan vir groot geld gewerk, en hier kry hy dalk weer die geleentheid.

"Hou julle kêrels nou op met babbel en volg my. Ons moet Ter Burg nie laat wag nie. Ek het 'n voorgevoel dat hy 'n uitstekende voorstel aan ons gaan maak."

Stefan stoot die swaaideure oop. Die kroeg is vol mense. Daar is vreemde manne om die enigste tafeltjie en by die kroegtoonbank praat twee Duits. Stefan beskou hulle 'n oomblik. Dan bespeur die kroegman hom en hy glimlag.

"Kom nader, Stefan ... Kom nader."

Stefan stoot sy bors uit en die groot blonde man loop oor die vloer na die toonbank toe. Sy tred is veerkragtig en lewenslustig. Soos hy daar vorentoe tree, is hy 'n toonbeeld van krag. Die moue van sy rooi hemp is hoog opgerol en sy sterk borskas laat die hemp

om sy lyf span. Dit lyk asof die hemp se nate kan bars as hy maar net sy asem te diep intrek.

Agter hom volg Stanley, David en Frans, asof hulle getroue dissipels is.

"'n Drankie vir julle vier op die huis!" skree die kelner luidrugtig en haal 'n bottel wyn van die rak af. Vinnig plaas hy vier glasies in 'n ry en begin skink.

Frans is nog steeds skrikkerig. Hy staar in die vertrek rond en sien dat verskeie oë op hulle gerig is, maar daar is nie een boer nie, nie een enkele een nie. Hy weet dat hulle Ter Burg se hotel soos die dood vermy.

Stefan lig sy glasie, en Stanley en die ander twee doen dieselfde. Hulle leë glasies word weer gevul en dan vra Stefan aan die kroegman:

"Waar is hy?"

"Hy wag vir julle in die kantoor. Gaan by daardie deur in," en die kroegman beduie na die verste deur wat uit die kroegvertrek uitlei.

Stefan se skoene kraak toe hy omdraai en na die deur toe stap. Die ander drie volg hom weer, en die manne in die kroeg staar hulle agterna. Stefan maak die deur oop en sien dan dat hulle hulle in 'n gang bevind. Hulle stap 'n endjie in die gang af en dan sien hy die deur aan sy linkerkant. Die deur staan oop en 'n olielamp verlig die vertrek helder. In die deur kom die bonkige man tot stilstand.

Agter sy lessenaar sit die slank Ter Burg vooroor geboë. By sy regterhand lê 'n rewolwer. Vir 'n oomblik staan Stefan hom doodstil en betrag en druk sy rewolwergordel reg. Die rewolwer swaai in 'n swart leersak hier aan sy regterheup. Die ander drie dra ook elkeen 'n rewolwer, maar Frans s'n swaai in 'n leertas aan sy linkersy.

Stefan maak keel skoon, en sonder om van sy lessenar af op te kyk, sê Ter Burg in sy piepstemmetjie:

"Kom maar binne, kêrels. Neem plaas."

Stefan kyk oor sy skouer na die ander drie en wys hulle om binne te kom. Karel ter Burg is besig om berekening in 'n dik boek te doen. Hy het yl wit hare wat skuins oor sy kop gekam is. Die wenkbroue is ook spierwit maar ruig. Fyn sproete ontsier sy gelaat.





Sy mond is breed en plat, en sy neusie lyk komieklik en klein in die breë gesig. Wanneer hy opkyk, is dit lewendige fletsblou oë wat in Stefan s'n staar. Hy kyk Stefan 'n oomblik aan, dan dwaal sy blik na die ander.

Nou eers groet hy:

"Goeie naand, Menere. Ek vermoed julle het almal my nota gekry?"

Stefan knik.

Ter Burg lig sy knie op. Dan vleg hy sy vingers ineen en vang sy knie vas en swaai dit heen en weer terwyl hy die vier man nog steeds aandagtig betrag. Hy lyk 'n ernstige tipe. Daar sprei geen glimlag oor sy gelaat nie.

"Goed. Alvier van julle is boere van die kom. Ons het al vantevore met mekaar te doen gehad. Ek veronderstel dat julle alvier vanaand vergadering toe gaan. Eintlik wil ek hê julle moet gaan. Voortaan werk julle vir my. Julle sal goed betaal word."

Hy breek 'n oomblik af. Hy het gesien hoe Frans onthuts na die ander kyk.

"Frans Kolwer, ek sien jy is senuweeagtig, maar nou-nou sal jy juig as jy eers my voorstel aanhoor."

Frans Kolwer lek vinnig oor sy droë lippe.

"Julle gaan vanaand vergadering toe. Die boere gaan stem of hulle 'n deputasie na die vrederegter wil stuur. Daardie deputasie mag in geen omstandighede gaan nie. Julle vier moet dit afstem. Saam met julle vier sal daar presies dertig boere teenwoordig wees. Ek weet haarfyn. Maar hulle wys dat daar net een uitweg is, naamlik om die tol te betaal of die beeste aan my te verkoop. Natuurlik wil ek eerder hê dat hulle hul beeste aan my moet verkoop. Om tol te eis is net 'n manier om hulle te forseer om aan my te verkoop."

Stefan glimlag.

"Laat dit aan ons oor. Ons sal die boere oorreed."

"Jy is glad van mond, Stefan Lang. Ek weet," kom dit weer van Ter Burg, "en ek twyfel nie dat jy die boere tot besinning sal kan bring nie, maar daar is twee wat nie gaan kop gee nie."

"Ek weet," antwoord Stefan. "Dit is Sybie Viljoen en Berrie Viljoen, sy seun."